Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Al-Ghafir

Sondebedekende Vergewer

Hierdie Naam dui daarop dat Allah die Een is wat ons foute weghou van die oë van ander mense af en ons beskerm teen die gevolge van ons sonde. Hy steek ons verkeerde optrede en foute en dit wat ons gedoen het waaroor ons skaam is, weg vir mekaar sodat ons kan voortgaan om saam met mekaar te lewe en sodat ons steeds geloof in mekaar, en respek vir mekaar, kan hê.

Dit berus ook op die stamwoord: “gh-f-r” uit die klassiek Arabiese verband wat dui op:

- om te bedek, om 'n sluier daaroor te trek, om dit te verberg of te verswyg, om dit weg te steek
- om te begenadig en amnestie of kwytskelding te gee, om te vergewe, om reg te stel
- om iets te bedek teneinde te keer dat dit nie vuil word nie

Enkele Versverwysing:

Koran 40:2,3 “Hierdie is openbaring van die Boek van Allah, die Magtige, die Alwetende, die Een wat sonde vergewe en berou aanvaar, die Een wat baie erg is met straf, die Een wat die oorsprong is van alle krag. Daar is geen god behalwe Hy nie. Na Hom toe is die finale terugkeer.”